Maandag 7 September
Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3-12 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:4 (AFR2020)
Geduldig in my lyding

In die handelstad Tessalonika gebeur daar blykbaar iets besonders. Iets waaroor Paulus en sy medewerkers Silvanus en Timoteus baie opgewonde is. Wat is dit? In 'n Griekse handelstad, ondanks verdrukking en vervolging van Joodse fanatikuste, is daar mense wat glo, liefhet en hoop op Jesus Christus. Gelowiges wat geduldig volhard.

Volharding is 'n mooi woord. In die oorspronklike Grieks beteken dit letterlik om te hiper-staan. As jy hiper-staan, dan beteken jy staan stewig op jou twee voete, en niks kan jou omstamp nie. Jy staan in 'n rivier, maar jy staan vas, die stroom sleur jou nie mee nie. Soos 'n pilaar van 'n brug oor 'n rivier. Hy staan in die rivier, maar gaan nêrens heen nie.

Sien, ons is baie keer doelgeoriënteerde mense. Ons is op pad na iets toe, wil iets bereik. Daardie doel bepaal dan baie dinge in jou lewe, en so neem hierdie doel dan eintlik jou lewe oor. Jy kan iemand wees met fisiese sterk bene, maar as jy op 'n lendelam leer klim, is jy net so stewig soos wat die leer is.

Dus is my vasstaan in lyding afhanklik van waarop my lewe gebou is. Wat is die sentrum van jou bestaan? Wat is jou hoofdoel? Dit gaan bepaal hoe vas jy kan staan ... Psalm 16:8 leer: *"Ek stel die Here altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie."* Sy vasstaan was gegrond op die teenwoordigheid, die saamloop van ons Here.

Ons hiper-staan het 'n naam: Jesus Christus. Dis wanneer ons Hom voor oë hou, wanneer ons onsself met Hom voed, Hom volg, Hom dien en eer, Hom gehoorsaam, dis dan wanneer Hy die sentrum van ons bestaan word. Dan is my Here my doel. Hy is ewig. Hy is getrou. In Hom staan ek. Deur Hom volhard ek.

*Sing: Psalm 16:1, 2 (2001-Antjie Krog)*

*Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Strand)*